

Langfos is terug!

Langfos, Suid-Afrika se eie organiese sedimentêre rotsfosfaat wat aan die Weskus ontgin word, is terug in die mark

Die naam Langfos sal met geneentheid onthou word deur baie boere, nadat die oorspronklike sagterotsfosfaatmyn by Langebaan in 1993 toegemaak het. In 2010 het Gecko Fert se myn oopgemaak en só is Langfos se naam weer in die lewe geroep.

Baie boere in Noordwes, KwaZulu-Natal, die Vrystaat, die Oos-Kaap, die Wes-Kaap en Mpumalanga gebruik weer die afgelope drie jaar Langfos met groot welslae op hul lande met mielies, sojabone, sonneblomme, koring, gars, lusern en aangeplante weidings.

Landbouprodusente wat veral in Noordwes, die Oos-Kaapse kusebiede, KwaZulu-Natal se Middellande en die Oos-Vrystaat boer waar suurgrond of grond met 'n hoë aluminium-, yster- of mangaaninhoud voorkom, sweer

by die voordelige uitwerking op lande waar Langfos destyds gebruik is.

Die uitwerking van Langfos is selde binne die eerste jaar ná toediening gesien, maar daarna, en in vele gevalle tot op hede, maak oplettende boere steeds aanspraak op die algemene vrugbaarheid van sulke lande. Langfos is die enigste bemestingstof wat langtermynwaarde tot jou grond toevoeg aangesien dit nie verdwyn deur uitwassing of logging nie.

Dit is danksy Langfos se eienskappe wat dit nie-wateroplosbaar maak, maar wel sitroensuuroplosbaar.

Langfos is al tot 30 jaar ná toediening nog in gronde landwyd gekry en is steeds aktief beskikbaar aan plante. Tesame met al die mikro-elemente is daar ook 20% landboukalk in Langfos.

WAT IS LANGFOS?

Langfos is 'n suiwer organiese fosfaat wat deur Eco Cert gesertifiseer is. Dit is 'n Suid-Afrikaanse produk. Dit word beskou as 'n medium-reaktiewe rotsfosfaat met 'n fosfaatvlak van ongeveer 8% en voordelige vlakke van kalsium en spoorelemente.

Die "reaktiwiteit" van rotsfosfaat word gemeet deur die hoeveelheid fosfaat wat oplosbaar is in 'n 2%-oplossing van sitroensuur. Gegrand op hierdie toets, is sowat 3,5% van die Langfos-fosfaat (sowat die helfte) vinnig beskikbaar vir opname deur plante, met die balans wat daarna gelykmatig beskikbaar gestel word.

Ten spyte van sy hoë gehalte en aflewering op die plaas, kos Langfos minder per ton as enige



BO: Gebruik Langfos se bewese voordele vir beter opbrengste by 'n verskeidenheid gewasse, insluitende sojabone.

ander fosfaatbemestingstof.

REGISTRASIE: Langfos rufosfaat en die naam Langebaan Rufosfaat is onder Wet 36 van 1947 as Groep 2 Misstof geregistreer en

soos enige ander kunsmis word sy gehalte gereeld gekontroleer. (Reg.no. B4038 organies; Eco.Cert. NOP & EAUREg. Nr: B4038 Organies).



KORTOM

- Langfos is afkomstig van die enigste organiese sedimentêre rotsfosfaat wat in Suid Afrika ontgin word.
- Langfos is tussen 1923 tot 1994 intensief gemyn en in die landbou aangewend. Boere wat Langfos gebruik het, sien steeds die voordelige nawerking wat dit op hul lande het.
- In 2010 is 'n nuwe myn, Gecko Fert, by Langebaan-weg oopgemaak en is Langfos weer terug in die mark.

LANGFOS SE HOOFBESTANDELE

- **Fosfor.** Die totale fosforinhoud (P) is 8-10%. Bereken as trikaliumfosfaat bestaan 63% van die produk in hierdie vorm. Met herhaalde ekstraksies word alles in 2% sitroensuur opgelos. Die eerste ekstraksie, wat as kenmerk van die fraksie wat dadelik beskikbaar is, bestaan uit 5% P.
- **Kalsium.** Langfos bevat 20% kalsium (Ca). Omdat 25% Ca aan P gebind is, begin sy neutraliserende uitwerking soos wat fosfor beskikbaar raak en opgeneem word. Die res van die kalsium wat oorbly, is in die vorm van karbonate en silikate.
- **Mikro-elemente.** Langfos verskaf noodsaaklike mikro-elemente wat voordelig is vir plantegroei. Dit sluit in yster (Fe), swael (S), magnesium (Mg), molibdeen (Mo) en sink (Zn), wat almal help om grondreserwes aan te vul waar Langfos gereeld in bemestingsprogramme opgeneem word. Langfos bevat ook kobalt (Co).

➤ NAVRAE: Besoek Geckofert se webtuiste vir alle kontakbesonderhede en nog inligting: www.geckofert.co.za. Vir verkope en nog inligting, bel George Richards by **083 461 8979** of Kobus Swart by **083 302 5584**. Vir 'n verwysings, bel dr. Gerrie Lindeque van Parys, Vrystaat, by **083 321 2562**. Hy gebruik Langfos om weidings te bestuur.